Persverklaring – Remgro Beperk

Remgro Beperk
("Remgro" of "die Groep")

Eindresultate vir die jaar geëindig 31 Maart 2005

Finansiële inligting:

- Toename in wesensverdienste per aandeel: 7.6%
- Toename in intrinsieke waarde per aandeel vir die jaar: 19.5%
- Toename in die gewone dividend per aandeel: 10.2%

By die bekendmaking van die resultate het Thys Visser, hoofuitvoerende beampte van die groep, soos volg kommentaar gelewer: "Die sterk vertoning deur Remgro se aandeelprys, relatief tot die mark, is 'n bewys van die onderliggende krag van die groep se beleggings."

Oorsig

- Wesensverdienste het met 6.3% tot R4 982 miljoen (2004: R4 687 miljoen) toegeneem. Vanweë die gunstige uitwerking van die aandeleterugkoopprogram het die wesensverdienste per aandeel egter met 7.6% tot 1 001.8 sent toegeneem.

- Remgro se Suid-Afrikaanse belange het weer 'n stewige 15.5% groei in wesenverdienste per aandeel (dws met die uitsluiting van tabak) gelewer.

- Die bydrae van die tabakbelange tot wesensverdienste was 41% (2004: 45%). Die afname van 3.4% in die wesensverdienste van die tabakbelange kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die verstewiging van die rand teenoor die pond, asook nie-herhalende koopopsie-premie in die vorige jaar.

- 'n Sterker rand het R&R se bydrae tot wesensverdienste met R100 miljoen (2004: R520 miljoen) verminder. In terme van sterling, en met die uitsluiting van die nie-herhalende koopopsie-premie wat die vorige jaar ingesluit is, was die toename 7.3% (2004: 1.9%).

- BAT se toeskryfbare wins, met uitsluiting van die amortisasie van klandisiewaarde en uitsonderlike items, het met 8.9% in sterling toegeneem.

- Remgro se intrinsieke waarde per aandeel het tot R119.97 (op 31 Maart 2005) toegeneem vanaf R100.36 (op 31 Maart 2004). Dit kom neer op 'n toename van 19.5%. Die intrinsieke waarde per aandeel voor kapitaalwinsbelasting het met 20.8% van R101.23 (31 Maart 2004) tot R122.32 (31 Maart 2005) toegeneem.

- 'n Finale gewone dividend van 198 sent per aandeel is verklaar en saam met die gewone tussendividend van 116 sent wat verklaar en betaal is, bring dit die totale dividend vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2005 op 314 sent per aandeel te staan. Dit is 'n toename van 10.2% teenoor die vorige jaar se totale gewone dividend.

- Dit is die direksie se voorneme om, onderhewig daaraan dat die Absa-transaksie onvoorwaardelik verklaar word, ook 'n spesiale dividend van 600 sent per aandeel kort daarna te verklaar. Die datums vir die spesiale dividend sal dan op SENS bekend gemaak en aan aandeelhouers gesirkuleer word.

- Remgro het op 31 Maart 2005 'n stewige netto kontantposisie van R1 094 miljoen (2004: R2 150 miljoen) by die kern gehad. Dit sal verder versterk word deur die opbrengs van die verkoop van Remgro se ABSA-belange aan Barclays Bank Plc, die opbrengs wat op 16 Mei 2005 van die FirstRand-transaksie ontvang is en die beoogde verkryging van Sage Beperk deur Momentum.

- Remgro se toeskryfbare gedeelte in die kontant van R&R het £236.4 miljoen (R2 778 miljoen) bedra.

Korporatiewe aksies gedurende 2004/2005

- Remgro het sy effektiewe belang in BAT met 12 854 457 aandele teen ‘n koste van £124.9 miljoen verhoog. Op 31 Maart 2005 was Remgro se effektiewe belang in BAT 10.03%.

- Remgro het 14 079 239 aandele (gelyk aan 2.9% van die maatskappy se uitgereikte aandelekapitaal) teruggekoop teen 'n gemiddelde prys van R87.69 per aandeel vir ‘n totale bedrag van R1 234.6 miljoen gedurende die jaar geëindig 31 Maart 2005.

- In Oktober 2004 het Remgro sy belang van 50% in Henkel vir R80 miljoen verkoop. 'n Na-belaste kapitaalsurplus van R43.9 miljoen is gerealiseer en word as ‘n uitsonderlike item verantwoord.

Gebeure sedert die jaareinde

- Op 5 Mei 2005 het Barclays 'n aanbod aan ABSA-aandeelhouers gemaak om 'n 60%-belang in ABSA te verkry. Die aanbod het bestaan uit R82.50 per aandeel plus die reg om die finale dividend van R2.00 per aandeel te ontvang wat deur ABSA verklaar is. Remgro het 'n ooreenkoms met Barclays aangegaan waarvolgens hy sy hele belang in ABSA, of 'n gedeelte daarvan, sal verkoop teen dieselfde voorwaardes wat vir die aanbod geld. Die transaksie is onderhewig aan sekere opskortende voorwaardes.

- Ingevolge die swart bemagtigingstransaksie wat FirstRand aangekondig het, het Remgro op 16 Mei 2005 R486.0 miljoen ontvang. Dit het tot gevolg gehad dat Remgro se belang in FirstRand, met insluiting van die indirekte belang wat deur RABB gehou word, van 18.0% tot 16.8% verwater het.

- Op 20 Mei 2005 het Momentum aangekondig dat hy 'n aanbod gemaak het om al die uitgereikte aandele van Sage Beperk te bekom. Remgro het 'n onherroeplike onderneming gegee om ten gunste van die voorgestelde skema te stem, asook tot die uitstel van die terugbetaling van 'n lening van R95 miljoen tot 31 Oktober 2005. Die vergoeding sluit 'n aanvanklike betaling van R1.42 per Sage-aandeel in en 'n potensiële verdere betaling tot 'n maksimum van R0.33 per Sage-aandeel.

Beleggingsoorsig:

Remgro verkry sy inkomste uit beleggings in die volgende sektore:

- Tabak
- Finansieel
- Nywerheid
- Mynbou, en
- Korporatiewe finansies en ander

Tabakbelange:

- Remgro se belang in BAT word verteenwoordig deur sy belang van een derde van die gewone aandele en skuldbriewe, asook al die deelnemende sekuriteite wat uitgereik is deur R&R.

- Remgro se effektiewe belang in BAT het op 31 Maart 2005 10.03% bedra.

- BAT se toeskryfbare wins het met 8.9% in sterling toegeneem as gevolg van 'n styging in bedryfswins, laer finansieringskoste, 'n verminderde effektiewe belastingkoers en 'n kleiner minderheidsbelang. Nadat aanpassings egter gemaak is om die huidige waarde van voorkeuraandele en voorkeuraandeeldividende te weerspieël, was BAT se resultate vir 2005 11% hoër as die vorige jaar s'n.

Finansiële belange:

- Remgro se finansiële belange het baatgevind by 'n herwaardering van die banksektor.

- ABSA het stewige verdienstegroei aangekondig en die bydrae daarvan tot Remgro se wesensverdienste was R517 miljoen (2004: R419 miljoen).

- FirstRand en RABB se bydrae het onderskeidelik met 20.8% en 19.2% toegeneem. Die gesamentlike wesensverdienste het van R976 miljoen in 2004 tot R1 172 miljoen gestyg.

Nywerheidsbelange:

- Total Suid-Afrika, Distell en Medi-Clinic was daarvoor verantwoordelik dat nywerheidsbelange met 13.1% toegeneem het.

- Total Suid-Afrika se resultate is versterk deur verhoogde markaandeel, asook beter marges as gevolg van die styging in brandstofpryse weens die beweging in die dollarprys van ru-olie.

- Distell het goeie verkope en groei in bedryfsmarges ondervind hoofsaaklik as gevolg van verbeterde doeltreffendhede in verskeie fasette van die besigheid. Distell se bydrae tot wesensverdienste het met 59.3% toegeneem.

- Medi-Clinic se bydrae tot wesensverdienste het met 13% gegroei vir die jaar onder oorsig. Bedkapasiteit het toegeneem as gevolg van nuwe hospitale wat in bedryf gestel of verkry is. Medi-Clinic was suksesvol in sy pogings om die bekostigbaarheid van gesondheidsorg te verbeter.

- Hierdie goeie resultate is geneutraliseer deur die afname van 70% in die bydrae van Transvaal Suiker tot R19 miljoen (2004: R64 miljoen). Hierdie afname was die gevolg van die druk waaronder die suikerbedryf gekom het weens die langdurige droogte en die lae wêreld-suikerprys. Beter klimaatstoestande word in 2005 verwag.

- Unilever Bestfoods Robertsons het swakker resultate gelewer weens die laer bydrae deur Israel, waar ekonomiese omstandighede in die verslagtydperk steeds ongunstig was, terwyl aansienlike herstruktureringskoste ook aangegaan is. Die meeste van hierdie uitgawes is in wesensverdienste ingesluit.

- Nampak se bydrae tot wesensverdienste het in die jaar tot 31 Maart 2005 met 9.2% afgeneem as gevolg van laer volumes weens 'n afname in direkte en indirekte uitvoere.

- Rainbow se resultate is negatief beïnvloed deur voer wat vir 'n beperkte tyd deur 'n verskaffersproduk besmet is.

Mynboubelange:

- Mynboubelange het met 41.3% tot R101 miljoen (2004: R172 miljoen) afgeneem as gevolg van: laer inkomste van Trans Hex, wat in randterme minder diamante verkoop het, die sterker rand, wat 'n negatiewe uitwerking op die hele mynbousektor gehad het, en Gencor se ontbondeling van Implats in die vorige jaar, wat meebring dat die syfers nie vergelykbaar is nie.

Stellenbosch, 21 Junie 2005

- EINDE -

Vir meer inligting, kontak asseblief:

Thys Visser (hoofuitvoerende beampte), Remgro (021) 888 3330
Dennis Falck (finansiële direkteur), Remgro (021) 888 3316

Uitgereik deur:

Keyter Rech Investor Solutions

Vanessa Rech (011) 283 0096 of 083 307 5600
Marlize Keyter (011) 283 0043 of 083 701 2021

Datum van uitreiking: **21 Junie 2005**
Vir bykomende inligting: **www.remgro.com**